Downloaded from Stanmorephysics.com



**KZN DEPT. VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDERE SKOOL**

**NOVEMBER 2019**

**AFRIKAANS ( EAT )**

**VRAESTEL EEN : TAAL , BEGRIPS EN OPSOMMING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD :** | **11** | **EKSAMINATORS : SSU, PR, SRE, ARA, PS,SRP** | |
| **PUNTE :** | **80** | **MODERATORS : SSU, PR, SRE, ARA, PS, SRP** | |
| **TYD :** | **2 UUR** | **DATUM :** | 04/11/2019 |

**HIERDIE VRAESTEL BRSTAAN UIT** 13 **BLADSYE**

**INSTRUKSIES:**

- HIERDIE VREASTEL BESTAAN UIT **DRIE AFDELINGS** :

| | |
|---|---|
| **AFDELING A : LEESBEGRIP** | **( 30 )** |
| **AFDELING B : OPSOMMING** | **( 10 )** |
| **AFDELING C : TAAL** | **( 40 )** |

- BEANTWOORD **AL** DIE VRAE.
- SKRYF NETJIES EN LEESBAAR.
- NOMMER JOU ANTWOORDE KORREK VOLGENS DIE NOMMERINGSTELSEL WAT IN DE VRAESTEL GEBRUIK WORD.
- SKENK AANDAG AAN SPELLING EN SINSKONSTRUKSIE
- SKRYF DIE VOORLETTERS VAN JOU ONDERWYSERS BOAAN JOU ANTWOORDBOEK – PR , PS, SRP, SRE , SSU, ARA
- TYDSINDELING : AFDELING A : 50 MINUTE
  AFDELING B : 30 MINUTE
  AFDELING C : 40 MINUTE

**BLAAI OM .......BL. 2**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

### HOEKOM SO SELF(IE) MAL?

deur Lydia van der Merwe

1 **Dink jy aan 'n *selfie*, dink jy beslis aan Kim Kardashian, die koningin van *selfies*. Maar sy is nie die enigste een nie. Ook jy het seker al 'n *selfie* geneem. Sommige kenners sê dis net pret, ander dink dis 'n vorm van narsisme.**



2 21 Junie was *Selfie*-dag en soos dinge nou gaan, is dit nie die laaste een wat ons gaan vier nie.

3 Want enigiets – wat jy eet, waar jy vakansie hou of net *chill* – word mos deesdae met 'n lang arm met jou slimfoon-kamera afgeneem: met jouself natuurlik prominent as deel van die foto. En dan word dit op Facebook, Instagram of 'n ander sosiale netwerk gelaai om aan die wêreld te wys: Kyk, ek eet! Kyk, ek *chill*! Kyk, ek neem 'n *selfie*!

4 Dis beslis die tyd van die *#selfie*, 'n speelding van ryk en arm. Die feit kom selfs in popliedjies voor. Dink aan die liedjie "*Selfies*" van die Skotse sangeres Nina Nesbitt.

5 G'n wonder die nuustydskrif *Time* het dit einde 2012 as een van die tien top-gonswoorde van die jaar aangewys nie. Die woord is ook in 2013 in die aanlyn-weergawe van die *Oxford English Dictionary* opgeneem.

6 Volgens die selfoon- en kameravervaardiger Samsung is tot 30% van die foto's wat jongmense (tussen 18 en 34) neem, *selfies*. 91% van tieners doen dit gereeld, volgens 'n opname van die Amerikaanse *Pew Research Centre*.

**Ek ... Ek ... Ek!**

7 Onskuldige pret, net nog 'n manier om jouself uit te druk? Nee, sê 'n tweede groep. Die ontploffing van die *selfie* wys maar net weer ons lewe in 'n buitengewoon **narsistiese era**.

8 *"Narsisme is 'n sieklike vorm van self-liefde: ek ... ek ... ek ... Ek is byvoorbeeld op Instagram en Facebook en Google+ en Twitter en Snapchat en Viber en en en ... As jy kyk hoeveel foto's veral jonger mense van hulself op sosiale netwerke plaas, sê dit nogal baie."* Teen einde Oktober 2016 is reeds 34,700,000,000 foto's op die sosiale netwerk geplaas.

9 Volgens Dion Chang het sosiale media die manier verander hoe ons na die wêréld kyḱ. Dit leer ons om na alles met 'n nuwe oog te kyk sodat ons dit op die internet kan plaas. Dit word die Facebook-oog-effek genoem.

10 Jou hele lewe kry 'n "mooi" raampie en jy wys net die perfekte kant. 'n Studie wys dat Facebook jou daarom depressief kan maak. *Selfies* is net deel daarvan. Jy plaas die fokus **100% op jóú**, sê Dion.


**Hoe lyk die toekoms?**

11 Die einde is nog lank nie daar nie. Dit gaan net aanhou groei. Volgens Dion is ons in 'n hiper-visuele lewe en ons sien dit op sosiale netwerke. Hy voorspel 'n reuse groei in Instagram en Snapchat.

12 *Selfies* is die gewildste onder millennials (mense van 18-34 jaar), die generasie wat met die nuwe digitale tegnologie grootgeword het, volgens 'n opname wat die *Pew Research Centre* in Amerika gedoen het. Sowat 55% van hulle het al 'n *selfie* op 'n sosiale media-webwerf geplaas. In vergelyking met net 24% van generasie X (sowat 35–49 jaar), 9% van die *baby boomers* (sowat 50–68 jaar) en 4% van die *silent generation* (sowat 69–87 jaar).

**Gevare**

13



*Selfies* kan ook jou dood veroorsaak, glo dit of nie. Die meeste *selfie*-dood word veroorsaak wanneer mense van hoë plekke afval terwyl hulle probeer om *selfies* te neem. Die tweede grootste oorsaak van *selfie*-dood is motorongelukke as mense *selfies* neem terwyl hulle bestuur. Baie mense sterf ook in die bul-storm in Mahal in Spanje. Terwyl hulle weghardloop, probeer hulle foto's van hulleself met die bulle in die agtergrond neem!

14 Maar dit is nog lank nie die dood van *selfies* nie. Al hou jou ouers nie daarvan nie, sal jy bly *selfies* neem en dit vir jou maats via WhatsApp stuur of op Facebook plaas.



[Verwerk en verander uit http://www.sarie.com/lewe-liefdes/hieroor-praat-mense/hoekom-selfie-behep]

VRAE :

1.1 Kies die korrekte antwoord . Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer :

Hoekom so selfie(ie) mal ? in die titel verwys na mense wat ........

A mal is oor nuwe selfone wat selfies neem .

B mal is om die antwoord te weet .

C self mal is .

D mal is om selfies van hulself te neem . (1)

1.2 Waarvoor word Kim Kardashian bekend ? Haal 4 agtereenvolgende woorde aan as jou antwoord ? (1)

1.3 Hoekom neem jongmense so baie foto's van algemene dinge ? Noem 2 redes. (2)

1.4 Noem 1 manier hoe sosiale netwerke die mense verander het ? (1)

1.5 Hoekom dink jy kom daar 2 strepies (aksenttekens ) op die woord jóú in die volgende Sin : Jy plaas die fokus 100 % op jóú , sê Dion . (1)

1.6 Verduidelik 1 manier hoe selfies 'n persoon kan doodmaak ? (1)

1.7 Haal 'n woord van par. 7 aan wat sê daar skielik 'n verhoog van selfies was ? (1)

1.8 Hoekom plaas die "silent generation (69 – 87 jaar) " minder selfies as die millennials op sosiale netwerke (par.12) . Gee jou eie rede . (1)

1.9 Verduidelik die onderstreepte uitdrukking in die volgende sin in jou eie woorde :

Maar dit is nog lank nie die dood van selfies nie . (1)

1.10 Is die volgende stelling 'n MENING of 'n FEIT . Motiveer jou antwoord . (1)

91 % van tieners doen dit gereeld , volgens 'n opname van die Amerikaanse Pew Research Centre .

1 .11 Hoekom ,dink jy , is daar liedjies oor selfies gemaak ?(par. 4 ) (1)

1.12 Hoe voel jy oor mense wat baie foto's van hulleself op sosiale netwerk plaas ? (1)

1.13 Noem 1 sosiale netwerk wat in die artikel verskyn ? (1)



B.O.

1.14 Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is . Motiveer jou antwoord met 'n sinsdeel uit die stuk . (1)

21 Junie was die laaste Selfie Dag .

1.15 Voltooi deur EEN woord in te vul . Mense tussen 35 – 49 jaar ouderdom word ............ genoem . (1)

1.16 Waar sal jy van 2013 af die woord "selfie " vind . (1)

1.17 Pas kolom A met kolom B. Skryf net die korrekte alfabet langs jou nommer.

| A | B |
|---|---|
| 1.17.1. Narsisme . | A. alles met 'n nuwe oog te kyk . |
| 1.17.2 Hiper – visuele | B. self-liefde |
| 1.17.3 Konnatasie | C. Jy plaas alles op sosiale netwerk om aan die wêreld te wys. |
| | D. Dit is 'n vorm van pret . |

(3)

Totaal : 20



B.o.

VRAAG TWEE : TEKS B

BESTUDEER DIE ONDERSTAANDE ADVERTENSIE EN BEANTWOORD DIE VRE WAT VOLG.




BLAAI OM ....BL.

VRAE :

2.1 In watter vak word aanlynhulp aangebied? 1

2.2 Wie is die adverteerders ? 1

2.3 Wie is die teikengroep van die advertensie? 1

2.4 Noem twee tegnieke wat gebruik word om die leser se aandag te trek. 2

2.5 Dink jy dat die skrif ( writing ) in die agtergrond funksioneel is? Sê ja of nee en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

2.6 Haal een woord aan wat daarop aandui dat jy nie vir die winterskool vir graad twaalf hoef te betaal nie. 1

2.7 Hoe kan jy meer inligting oor die aanlynhulp kry? 1

2.8 Sê waarom die volgende stelling waar is. Haal aan om jou antwoord te motiveer.

'n Arm kind sal nie hierdie klasse bekostig nie. 1

2.9 Hoe pas die prent van Superman by die advertensie? 1

[ 10 ]

BLAAIOM....BL.

## AFDELING B: OPSOMMING
## VRAAG 3

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die **SEWE wenke** oor hoe om gelukkig by die werk te wees in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf elke wenk in 'n volsin neer.
3. Skryf die sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
4. Laat 'n reël tussen die sinne oop.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C:**

**Wenke om gelukkig by die werk te wees.**

Ons almal is definitief nie altyd gelukkig by die werk nie. Maar hoe bly 'n mens gelukkig? Linda Trim, direkteur by Giant Leap, gee 'n paar wenke oor hoe om gelukkig by die werk te wees.

'n Mens kan self besluit of jy gelukkig by die werk wil wees of nie. Trim erken dit is soms moeilik om díe keuse te maak. Dink positief oor jou werk en fokus op dinge waarvan jy hou.

Het jy al belowe om iets by die werk te doen en dan kom jy net nie daarby uit nie? Werknemers wat skuldig voel omdat hulle nie gedoen het wat hulle gesê het hulle sal doen nie, is dikwels baie ongelukkig by die werk.

Baie mense kla dikwels hul baas gee geen terugvoer nie. Hulle weet nie hoe hulle presteer nie. Die waarheid is dat jy presies weet hoe jy presteer, jy wil net bevestiging daarvan hê. Praat met jou baas daaroor.

Bly op die hoogte van sake en vra as jy onseker is oor iets. Mense wat nie weet wat by die werk aangaan nie, is dikwels baie ongelukkiger as hul ander kollegas.

Jy wil dalk nie na werk saam met jou kollegas kuier nie, maar dit is tog die moeite werd om vriende by die werk te maak. As jy goeie vriende by die werk het, is daar 'n goeie kans dat jy jou werk gaan geniet.


Praat vooraf met jou baas oor jou salaris en oor jou werksure. Jy moet presies weet wat van jou verwag word en hoeveel jy maandeliks daarvoor betaal gaan word.

Werkers moet weet van moontlikhede om bevorder te word. 'n Mens sal jou werk soveel meer geniet as jy weet harde werk word raakgesien en jy kan moontlik in die toekoms bevorder word. - **Verwerk uit 'n artikel van Elvira Wood – Netwerk 24, 20 April 2019.**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## VRAAG 4-ADVERTENSIE

**Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg.**




4.1. Skryf die volgende sin oor in die **teenwoordige tyd**

Dit sal baie gevaarlik op die pad wees. (1)

4.2. Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte **leesteken** in.

liewe hemel dit is 'n vroue bestuurder (1)

4.3. Gee die **meervoud** van die woord tussen hakies

Die vroue bestuur elke dag die(taxi). (1)

4.4. Gee die **verkleinsvorm** van die woord tussen hakies.

Hy reis per (motor) werk toe. (1)

4.5. Kyk na die **twee vrae in die advertensie: Is dit " 'n voel? Is dit 'n vliegtuig?"**

4.5.1. Wat impliseer dit oor hoe Mama bestuur? (1)

4.5.2. Wat in die prentjie bewys dat die motor beweeg? (1)

4.6. Skryf die volgende sin oor in die **verlede tyd**

Dis weer veilig op die pad om te bestuur. (1)

4.7. Skryf die volgende oor in die **lydende vorm**

Sy lees elke môre die koerant in die taxi. (1)

4.8. Gee die **intensiewe vorm** van die word tussen hakies

Dit is 'n (nuwe) strokie wat die mense sal lees. (1)

4.9. Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede**

Die passasier vra:"Is dit 'n voël of 'n vliegtuig?" (1)

4.10. Stel die vraag waarop die onderstreepte woorde die antwoord is

Die nuwe strokie begin <u>op Saterdag.</u> (1)

4.11. Waarmee is die passasier in die taxi besig? (1)

4.12. Kies die **korrekte woord** tussen hakies.Skryf net die antwoord neer.

Daar is baie gevaarlike bestuurders op die (padde/paaie). (1)

4. 13. Gee die **vergrotende trap** van die woord tussen hakies

Dit is (goedkoop) om per taxi as motor te ry. (1)

4.14.Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

In hierdie strokie oor vroulike-taxibestuurders, kry ons 'n voorbeeld van:

A. Manipulasie
B. Stereotipering
C. Partydig
D. Intimiderend (1)

**[15]**

B.O.

VRAAG 5 ---- LEES DIE TEKS HIERONDER EN BEANTWOORD DIE TAALVRAE WAT VOLG.

**WEES n GOEIE MAAT**

Daar is sekere dinge wat n (5.1) (mens/ mense) moet doen as jy n goeie maat wil wees.

Doen aan ander mense wat jy wil he hulle aan (5.2) (my/jou/jy) moet doen.
Dit is nie mooi (5.3) (......van ander mense ...... skinder) nie. (5.4) Wees altyd vriendelik!
(5.5) Mense waardeer nog goeie verhoudings. Niemand hou van suurknolle nie.

Wys vir ander mense dat jy in hulle (5.6) (belangstel). Maak seker dat jy betyds opdaag (5.7) (vir/met/by) afsprake wat jy gemaak het.

(5.8) Die mense hou van iemand met goeie maniere. (5.9) ( Jy is onbeskof.)( Mense sal jou vermy.)
Ons moet (5.10) (om mense te help / altyd/ probeer/ hartlik / ) .

(5.11) Woorde sal versigtig deur vriende gekies word. Moenie dinge se wat ander mense seermaak nie. (5.12) Jy moet ook nie (eerlik) teenoor ander mense wees nie. Dit mag daartoe (5.13) (ly /lei) dat jy maats verloor.

(5.14) Goeie maats wil gereeld by hulle maats kuier. As maats in dieselfde woonbuurt (5.15) (bly) ; is hulle verhouding sterker.

5.1 Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf net die antwoord neer.
Daar is sekere dinge n (mens/mense) moet doen as jy n goeie maat wil wees. (1)

5.2 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies en skryf net die antwoord neer.
Doen aan ander mense wat jy wil he hulle aan (my/jou/jy) moet doen. (1)

5.3 Skryf die volgende sin oor en voltooi die INFINITIEF.
Dit is nie mooi (........ van ander mense ..... skinder) nie. (1)

5.4 Skryf die volgende sin oor en gebruik **" behoort."**
Wees altyd vriendelik. Begin so... **Jy behoort....** (1)

5.5 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Mense waardeer nog goeie verhoudings. (1)

5.6 Verdeel die woord " **belangstel**" in LETTERGREPE. (1)

5.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.
Maak seker dat jy betyds opdaag (vir/met/by ) jou afsprake wat jy gemaak het. (1)

B.O.

5.8 Verander die STELSIN na n VRAAGSIN.
Die mense hou van iemand met goeie maniere. (1)

5.9 Verbind die volgende twee sinne en begin met **"Omdat"**
Jy is onbeskof. Mense sal jou vermy.
Omdat... (1)

5.10 Rangskik die woorde tussen hakies en herskryf die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE.**
Ons moet (om mense te help/ altyd/ probeer / hartlik) (1)

5.11 Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM.
Woorde sal versigtig deur vriende gekies word. (1)

5.12 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.
Jy moet ook nie (eerlik) teenoor ander mense wees nie. (1)

5.13 Kies die korrekte HOMOFOON tussen hakies en skryf net die antwoord neer.
Dit mag daartoe (ly/ lei ) dat jy maats verloor. (1)

5.14 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Goeie maats wil gereeld by hulle maats kuier. (1)

5.15 Gebruik die HOMONIEM tussen hakies, in n sin sodat dit n ander betekenis het.
As maats in dieselfde woonbuurt (bly), is hulle verhouding sterker. (1)

**[15]**

B.O.

VRAAG SES

## DIE TAALVRAE WAT VOLG IS OP DIE VOLGENDE PRENT GEBASEER.



6.1. Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne te voltooi.

| | | | |
|---|---|---|---|
| wie | kombers | yskas | kussing |
| voorskoot | lui | streepte | wat |
| gestreepte | muurprop | vrieskas | |

6.1.1. Ma dra ´n ______________ om haar rok .

6.1.2. Die meisie ______________ die kitaar speel, sit op die ____6.1.3.____ .

6.1.4. Die baba speel vrolik op die ______________ .

6.1.5. Die melk word in die ______________ gehou om koud te wees .

6.1.6. Die seun met die ______________ jas, sit voor die televisie .

6.1.7. Die televisie is ingeprop by die ______________ .

6.1.8. Die kinders help hulle ma nie daarom lyk hulle ______________ .

(1x8)

6.2. Skryf die volgende sin in die Direkte Rede.

Ma sê dat sy haar werk in die kombuis voltooi het. (1)

6.3. Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met die woord tussen hakies.

Die meisie het die musiek kompetisie verloor **alhoewel** sy hard geoefen het. (al) (1)

(10)

Grade 11 V1 November 2019

Downloaded from Stanmorephysics.com

Verwagte Antwoorde

## Vraag 1

| Vraag. | Vlak | Antwoorde | Punte. |
|---|---|---|---|
| 1.1. | 1 | D ✓ | 1 |
| 1.2. | 2 | "die koningin van selfies" | 1 |
| 1.3. | 2 | dis pret ✓/dis 'n vorm van narsisme ✓ (enige Een) | 2 |
| 1.4. | 2 | Dit verander hoe ons na die wêreld kyk/Ons kyk met 'n nuwe oog na alles | 1 |
| 1.5 | | Om die woord 'jou' te beklemtoon. | 1 |
| 1.6. | 1 | wanneer mense van hoë plekke afval terwyl hulle selfies neem ✓/in motorongelukke as mense selfies neem ✓ terwyl hulle bestuur (Enige Een). | 1 |
| 1.7. | 4 | 'ontploffing' | 1 |
| 1.8. | 5 | Hulle is te oud en weet nie hoe om 'n selfoon / Selfoonkamera te gebruik nie/ Hulle stel nie belang om foto's van algemene dinge soos kos ens. uit te neem nie (ander antwoorde ook aanvaarbaar). | 1 |
| 1.9. | 3 | Mense sal nie ophou/stop om selfies uit te neem nie/ Selfies sal nog lank hier wees. Selfies sal nie eindig nie. | 1 |
| 1.10. | 3 | Feit. Die stelling is op navorsing gebaseer. | 1 |
| 1.11. | 2 | 'n Selfoonkamera is 'n speelding vir arm en ryk. | 1 |
| 1.12. | 4 | Leerders se eie respons. | 1 |
| 1.13. | 1 | Facebook, Google+, Twitter, Snapchat, Instagram, Viber (Enige Een) | 1 |
| 1.14. | 3 | "is dit nie die laaste een wat ons gaan vier nie" | 1 |
| 1.15. | 1 | baby boomers | 1 |

| Vraag | Vlak | Antwoorde | Punte |
|---|---|---|---|
| 1.16. | 1 | aanlyn weergawe van die Oxford English Dictionary | 1 ✓1 |
| 1.17.1. | 1 | B | ✓1 |
| 1.17.2 | 1 | C | ✓1 |
| 1.17.3 | 1 | A. | |

Totaal: 20

(P.Singh)

Vraag 2 - PR

2.1. Wiskunde (1)

2.2. Solidariet Helpende Hand (1)

2.3. Graad 4 - 12 leerders (1)

2.4. prente, verskillende grootte skrif, } enige vetgedrukte woorde / tipe skrif verskil } 2 (2)

2.5. Ja - die skrif is wiskunde en die advertensie is oor hulp in wiskunde (1)

2.6. "gratis" (1)

2.7. SMS
Besoek die webtuiste } enige 1
Stuur 'n e-pos (1)

2.8. "Slegs R50 p.m." (1)

2.9. Superman is 'n held en as jy die aanlynhulp kry, sal jy 'n Wiskundeheld word. (1)

(10)

Afrikaans P1 - Final Exams · 2019.

1. Wees positief oor jou werk / Konsentreer op dinge waarvan jy hou.

2. Doen altyd wat jy by die werk belowe het.

3 Praat met jou baas as jy terugvoering oor jou prestasie wil hê.

4. Maak seker dat jy weet wat by die werk aangaan.

5. Maak vriende by die werk.

6. Weet presies wat van jou verwag word / wat jou salaris gaan wees.

7. Doen navraag oor die moontlikheid om bevorder te word.

* Elke sin moet met 'n werkwoord / Jy moet ... / Jy behoort. / Moenie ... ens begin.

* Volg die rubriek vir die nasien van die opsomming.

| Vlak | Vraag 4 - Memo | Punte |
| --- | --- | --- |
| 3 | 4.1. Dit is baie gevaarlik op die pad. ✓ | 1 |
| 2 | 4.2. Liewe hemel! Dit is 'n vroue bestuurder. ✓ | 1 |
| 2 | 4.3. taxi's ✓ | 1 |
| 1 | 4.4 moto-tjie ✓ | 1 |
| 4 | 4.5.1. Sy bestuur baie vinnig. ✓ | 1 |
| 4 | 4.5.2. Daar is rookwolke. ✓ | 1 |
| 3 | 4.6 Dit was weer veilig op pad om te bestuur. ✓ | 1 |
| 4 | 4.7 Die koerant word elke môre deur haar in die taxi gelees. ✓ | 1 |
| 1 | 4.8 splinternuwe ✓ | 1 |
| 2 | 4.9. Die passasier vra of dit 'n voel of 'n vliegtuig is. ✓ | 1 |
| 1 | 4.10. Wanneer begin die nuwe strokie? ✓ | 1 |
| 1 | 4.11. Sy lees die koerant. ✓ | 1 |
| 2 | 4.12. paaie ✓ | 1 |
| 3 | 4.13. goedkoper ✓ | 1 |
| | 4.14. B ✓ | 1 |
| | | 15 |

Graad 11 V1 November 2019
Verwagte Antwoorde
Vraag 5

| Vraag | Vlak | | Punte |
|---|---|---|---|
| 5.1 | | mens | 1 |
| 5.2 | | jou | 1 |
| 5.3 | | Dit is nie mooi om van ander mense te skinder nie | 1 |
| 5.4 | | Jy behoort altyd vriendelik te wees | 1 |
| 5.5 | | Mense waardeer nie meer verhoudings nie | 1 |
| 5.6 | | be/ lang/ stel | 1 |
| 5.7 | | vir | 1 |
| 5.8 | | Hou die mense van iemand met goeie maniere | 1 |
| 5.9 | | Omdat jy onbeskof is, sal mense jou vermy | 1 |
| 5.10 | | Ons moet altyd hartlik probeer om mense te help. | 1) |
| 5.11 | | Vriende sal woorde versigtig kies. | 1 |
| 5.12 | | oneerlik | 1 |
| 5.13 | | lei | 1 |
| 5.14 | | Goeie maats sal gereeld by hulle maats wil kuier. | 1 |
| 5.15 | | Ek is bly (bly as in "happy) | 1 |
| | | | 15. |

# Vraag Ses – Verwagte Antwoorde

6.1.1. voorskoot ✓1
6.1.2. wat ✓1
6.1.3 Kussing ✓
6.1.4. Kombers ✓
6.1.5. yskas ✓
6.1.6. gestreepte ✓
6.1.7. muurprop ✓
6.1.8. lui ✓1

1X8

6.2. Ma sê: "Ek het my werk in die Kombuis voltooi." ✓1

6.3. Die meisie het die musiek Kompetisie verloor al het sy hard geoefen. ✓1

(10)